

25 September

Skrifgedeelte: Johannes 3: 1-22

Fokusgedeelte: Johannes 3:3,16

Wedergeboorte bewerk lewensvernuwing

Dit is 'n wonderlike ervaring vir 'n skrynerker om 'n ou meubelstuk te vat en dit liefdevol te restoureer.

Daar is egter iets wat nog wonderliker as dit is. Dis wanneer die Here 'n mens se lewe vat en "restoureer" tot 'n lewe wat Godvererend is. Dis die Here se doel met ons almal. Hy stel nie net belang in ons siele nie, maar ook om ons lewens te herstel tot wat dit oorspronklik was, na die volle beeltenis van God.

Die Here begin sy bemoeienis met Nikodemus en ons almal se lewens by wedergeboorte. Wedergeboorte is die totale vernuwing van 'n mens se lewe. Dit is nie die werk van 'n mens nie, kan nie wees nie. Dit gebeur altyd deur die Woord (1 Pet 1:23, 25). Die vrug is 'n vaste sekerheid van die ewige lewe. So lief het God die mens (vs 16), vir jou en my, dat Hy aan ons 'n nuwe toekoms gee. 'n Nuwe lewe wat geen ooreenkomste het met die aardse en sondige lewe nie.

Baie mense, ook navorsers (Barna-groep), kom tot die gevolgtrekking dat Christene se lewens nie duidelik van nie-Christene s'n onderskei kan word nie, want hulle is steeds net so vol begeertes en neem aan net soveel onheilige praktyke deel as die wêreldling. Dis lasterlik om te beweer (of te aanvaar) dat wedergebore harte nie meer oorwinning oor sonde kan behaal as onwedergebore harte nie.

Verheug jou daarin en beywer jou daarvoor om in vreugdevol in die nuwe gemeenskap wat jy as wedergeborene met God het, te lewe, sy lewensvernuwende krag te ervaar en so die beeld van 'n ware Christen aan die wêreld te vertoon.

Sing: Skrifberyming 5-4:5, 6

Dr ME Schalekamp (Roodepoort)